dagstukkies met Dennis

Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

30 APRIL 2019

1 Johannes 4:1: #Onderskeiding
"Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan."

In die verlede het mense graag gesê: "Dit is nie alles wat blink, wat goud is nie." Vandag word baie dinge nagemaak. Dit is die eeu oue probleem, want 2 Korintiërs 11:13-14 bespreel: "Want sulke mense is valse Apostels; bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus en geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in 'n engel van die lig." Daarom moet ons nie elke gees glo nie, want die vyand kom met mooi woorde, maar Spreuke 12:22 verklaar: "Valse lippe is vir die Here 'n gruwel, maar Hy het 'n welbehae in die wat getrou handel." Ons moet dus die geeste op die proef stel en om dit te doen is om die Woord te gebruik as maatstaf. 2 Timoteus 2:19 sê: "Ewenwel, die fundament van God staan vas met hierdie seël: Die Here ken die wat syne is…"

Daar het baie valse profete in die wêreld uitgegaan, daarom moet ons waak en nugter wees, dat ons nie mislei word nie, maar kan onderskei watter gees hom nou voordoen; sodat terwyl ons vir ander gepreek het nie self verwerplik is nie. 2 Timoteus 4:3 verklaar: "Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede."

Vrede / Shalom